**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Paljas 1 | (35) |
   | AFDELING B: | Paljas 2 | (35) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

4. Trek ‘n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ‘n reël oop na ELKE antwoord.

7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 60 minute
   AFDELING B: 60 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: PALJAS 1**

**VRAAG 1**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

> NOLLIE: Watse plekke, oom?
>
> HENDRIK: Jy weet, Londen en al die plekke. Of is dit nou byvoorbeeld mooier as die Klein Karoo en so. Of is die mense daardie kant nou beter of slimmer of ryker of wat? (*Hy dink 'n bietjie.*) Klink my hulle is gelukkiger.
>
> NOLLIE: Sal ek hierdie een opsit?
>
> HENDRIK: Ja, speel jong, speel. Willem, hoor by Ma wat van 'n bietjie koffie. (*Die kind staan op en gaan in die huis in.*) En loop haal vir Emma. Sê ek soek haar hier.
>
> Nollie is besig om die plaat op te sit, maar hy kyk besorgd op as hy hoor Emma word laat haal.
>
> NOLLIE: Oom, ek wou nog sê ek is jammer oor Emma, oom.
>
> HENDRIK: Wat van Emma?
>
> NOLLIE: Nee, ek dag sy't dalk kom sê. Sy't… sy't geval.
>
> HENDRIK: Nee, sy't my nie 'n woord gesê nie.
>
> 18. Emma staan in haar kamer langs die venster, teenaan die vensterkosyn, sodat niemand haar kan sien nie maar sodat sy alles kan hoor wat op die stoep aangaan. Klein Willem is by haar en beduie sy moet kom, Pa roep. En sy beduie met haar vinger voor haar mond hy moenie laat blyk waar sy is nie – hy moet loop, sy gaan nie uitkom nie.

1.1 By watter stasie het die McDonald-gesin gebly toe die sirkus daar aangekom het? (1)

1.2 Waarom het Hendrik gereeld na die ou plate geluister? Gee EEN rede. (1)

1.3 By wie het Hendrik sommige van die plate waarna hulle geluister het, gekry? (1)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.4.1 en 1.4.2) en die antwoord neer.

Willem het vir Emma beduie dat hulle pa haar geroep het. Willem het al vir (1.4.1) (een/twee) jaar 'n spraakprobleem gehad. Willem se probleem was as gevolg van 'n (1.4.2) (siekte/angstoestand). (2)

1.5 Die skoolkinders het Willem geterg omdat hy nie kon praat nie.

1.5.1 Op watter manier het die skoolkinders vir Willem geterg? (1)

1.5.2 Hoe het Willem op die skoolkinders se tergery reageer? (1)

1.6 Emma het vir Katrien gesê dat sy nooit wou trou nie.

1.6.1 Wat was Katrien se siening oor Emma se woorde? (1)

1.6.2 Dink jy Hendrik het die reg gehad om in Emma se liefdeslewe in te meng? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

1.7 Gee TWEE aanduidings dat Hendrik en Katrien ongelukkig getroud was. (2)

1.8 "Oom, ek wou nog sê ek is jammer oor Emma, oom." (Reël 10)

1.8.1 Hoe het dit gebeur dat Emma geval het? (1)

1.8.2 Hoekom, dink jy, het Emma nie vir haar pa van die voorval vertel nie? (1)

1.9 Hoekom was Hendrik so ongelukkig dat die sirkustrein op sy stasie kom staan het? (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.10) en die letter (A-D) neer.

Die sirkustrein wat op die stasie aangekom het, het … in die McDonald-gesin se lewens gebring.

A verandering
B verwydering
C teleurstelling
D moedeloosheid (1)

1.11 Die sirkusmense het glad nie respek vir Hendrik as stasiemeester gehad nie. Noem TWEE maniere waarop die sirkusmense dit gewys het. (2)

1.12 Hoe sou jy teenoor die sirkusmense opgetree het as jy Hendrik was? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

Later Hendrik wat heen en weer op die stasie en roep.

67. Hendrik se motor hou stotterend en rokend op die plek stil waar dit vroeër onklaar geraak het. Hy klim uit. Staan en rondkyk. 'n Bietjie verlore. Wanneer hy uiteindelik roep, is dit amper 'n dierlike geluid.

HENDRIK: W-i-l-l-e-m…!

***

NAR (*uiteindelik*): O.K., jy wil nie vandag lag nie. Dis O.K. (*Die kind kyk weg.*) Wat is dit wat pla? (*Die kind skud sy kop.*) Jy kan maar vir my vertel. Ek sal vir niemand sê nie. (*Die kind sit net voor hom en kyk.*) Wil jy vir my skryf? (*Hy hou 'n potlood na Willem toe.*) Tóé, skryf. (*Daar begin nou trane oor Willem se wange loop, maar sy gesig bly uitdrukkingloos.*) Nee-nee-nee-nee-nee-nee. Nie trane nie. Die lewe is te kort vir trane. Ons speel liewer. Speel is altyd beter as trane. Altyd. (*Die nar voel in sy sakke rond en haal 'n grimeerpotlood uit. Hy verf twee groot boë bokant Willem se oë.*) Kom. Kom ons teken iets. (*Hy soek in sy broeksak en haal 'n ander kleur uit. Hy verf Willem se mond.*) Kom ons teken die trane weg. Ons vee die ou Willem uit en ons teken 'n nuwe Willem.

1.13 Waarom het die McDonalds die dag waarop Willem weggeloop het, dorp toe gegaan? Gee TWEE redes. (2)

1.14 Wie het agtergekom dat Willem weg was? (1)

1.15 Willem het gehuil (reël 9) omdat sy ouers baklei het.

Noem TWEE materiële dinge waaroor Hendrik en Katrien baklei het. (2)

1.16 "Wanneer hy uiteindelik roep, is dit amper 'n dierlike geluid.
HENDRIK: W-i-l-l-e-m…! (Reël 4-5)

Watter gevoel het Hendrik ervaar toe hy amper dierlik skree? (1)

1.17 Vul woorde in die spaies in om die sinne KORREK te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.17.1 en 17.2) en die WOORD as antwoord neer.

Willem het by Manuel geleer hoe om (1.17.1) … te doen. Manuel het in die ou (1.17.2) … gebly waar Willem altyd vir hom kos gebring het. (2)

1.18 "NAR (*uiteindelik*): O.K., jy wil nie vandag lag nie. Dis O.K." (Reël 6)

Hoe het die nar dit gewoonlik reggekry om Willem te laat lag? Noem TWEE dinge. (2)

1.19 "Die lewe is te kort vir trane." (Reël 10)

1.19.1 Wat het Manuel met hierdie woorde vir Willem oor die lewe probeer leer? (1)

1.19.2 Wat het hierdie woorde (reël 10) van Manuel as mens gesê? (1)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.20) en die letter (A-D) neer.

Toe Hendrik nie vir Willem kon vind nie, het hy die … gevra om te help soek.

A dominee
B bure
C polisie
D nar (1)

1.21 Kies elke keer 'n karakter uit KOLOM B om die inligting in KOLOM A korrek te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.21.1-1.21.4) en die letter (A-E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.21.1 …het Willem op die divan gekry. | A Katrien |
| 1.21.2 …het gehuil toe Willem gevind is. | B Manuel |
| 1.21.3 …het vir Willem 'n musiekinstrument gegee. | C Hendrik |
| 1.21.4 …het vir Willem 'n narrepak gemaak. | D Nollie |
| | E Emma |

(4x1) (4)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**EN**

**AFDELING B: PALJAS 2**

**VRAAG 2**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

(*Maar die dominee het nou heeltemal sy draad verloor. Hy staan vir die nar en kyk. Die nar sit uitdrukkingloos en plegtig voor hom en uitstaar. Een gemeentelid kyk om; twee ander kyk om; nog ses of sewe kyk. Die dominee kyk na die ouderlingbank.)*

***

Die ouderling stap op die nar af.
Die nar kyk hom reguit in die oë. Dis duidelik die nar glo nie wat hy sien gebeur nie.
Die ouderling gaan staan twee treë van die nar af. Hy wys met sy kop: uit.
Die nar wys: ék?
Die ouderling wys nou met sy kop én sy duim: uit!
Die nar skud sy kop.
Die ouderling kyk hulpeloos om na die dominee toe.
Jan Mol kom orent. Hy wys met sy vinger na die nar toe.

JAN MOL: Dis hy! Dis die ou wat daardie McDonald-kind so teken!

Die nar sien hier kom moeilikheid, vlieg op en vlug uit die kerk uit. En tien, twaalf, twintig mans storm uit die banke uit agterna.

107. Buitekant die kerk gryp die nar sy fiets, spring op en jaag straat af. Die swartgeklede kraaie storm in die straat in kyk rond, beduie. Hulle sien die nar dóér trek. Party begin agterna hardloop. Ander storm vir hulle bakkies.

2.1 Toe Manuel kerk toe gaan, het hy voor naby die dominee gaan sit.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.2 Hoekom was die nar so verbaas oor die ouderling se optrede? (Reël 4-8) (1)

2.3 Hoekom wou die dominee nie die nar in die kerk hê nie? (1)

2.4 Dink jy dit was reg van die dominee om Manuel so te hanteer? Sê JA of NEE en verduidelik hoekom jy so sê. (1)

2.5 "Buitekant die kerk gryp die nar sy fiets, spring op en jaag die straat af." (Reël 15)

2.5.1 Wie se fiets gebruik Manuel? (1)

2.5.2 Wat het later op die fiets gebreek? (1)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (2.6) en die letter (A-D) neer.

Jan Mol was die man wat nie net stories oor Willem versprei het nie, maar ook vertel het dat …

A Frans op Katrien verlief was.
B Hendrik met ander vroue gelol het.
C Nollie en Emma 'n verhouding gehad het.
D Emma 'n oujongnooi was. (1)

2.7 Jan Mol het die nar herken aan Willem se tekeninge. Noem EEN ander ding wat Willem teen die mure geteken het. (1)

2.8 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.8.1 en 2.8.2) en die antwoord neer.

Toe die dominee die McDonalds besoek het, wou hy (2.8.1) (geld by hulle kry / oor die skinderstories praat). Katrien het gevoel dat die dominee net (2.8.2) (daar was om homself goed te laat lyk / geluister het na wat ander van hulle gesê het). (2)

2.9 Tydens sy besoek aan die McDonalds het die dominee gesigverf gekritiseer. Wat het hy hiervan gesê? (1)

2.10 Skryf die volgende gebeure onder mekaar neer in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur:

- Thys Briekman stamp vir Emma teen die klavier.
- Ouderling Bothma se geweer gaan af.
- Jan Mol skiet vir Manuel.
- Die mans kom soek vir Manuel op die McDonalds se werf. (4)

2.11 Hendrik was dadelik by toe Manuel geskiet is.

2.11.1 Hoekom was Hendrik se optrede in hierdie situasie 'n goeie voorbeeld vir die dorpsmense? (1)

2.11.2 Hoe het Hendrik die beseerde Manuel gehelp? (1)

**EN**

**TEKS D**

Stikdonkerte en doodse stilte. Dan word ‘n lig aangesteek en Hendrik staan in die voorkamer met ‘n lantern in die hand en sy baadjie oor sy arm. Sy gesig is vuil, sy hemp geskeur en sy strikdassie hang los.
Katrien is agter hom. Haar hare het losgekom. Haar rok is vol eier.
Dan kom Emma en Willem. Dis duidelik Emma het gehuil.
Nollie kom laaste binne. Emma gaan sit moeg in ‘n stoel. Nollie gaan sit op die leuning langs haar en sit sy hand op haar kop.
Katrien gaan leun met haar hande op die buffet. Sy staan net vir haar hande en kyk. Dis duidelik almal is nog stom van skok.
Hendrik hang sy baadjie aan die kapstok.

KATRIEN (*draai om en mik vir die middeldeur*): Nag, almal.
HENDRIK: Nee, Katrina. Waar gaan jy?
KATRIEN: Ek gaan slaap.
HENDRIK: Nee.
KATRIEN: Wat dan?
HENDRIK: Ons…kry ons skoon. Ons – Nollie, sit op vir ons ‘n plaat. Ons was ons en ons trek ons aan en – Emma, loop maak jou mooi. Ons sal iets uitdink. Ons gaan nie slaap nie. Ons sal iets uitdink.
EMMA: …Ek moet wat doen?
HENDRIK: Jy’t gehoor wat ek gesê het.
EMMA: Ek moet my loop mooimaak? Om te wat?

2.12 Na watter geleentheid het die McDonalds hierdie aand gegaan? (1)

2.13 Wat het gebeur dat:

2.13.1 Hendrik se hemp geskeur is? (1)

2.13.2 Katrien se rok vol eier is? (1)

2.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (2.14) en die letter (A-D) neer.

Emma was … toe haar pa vir haar gesê het om haar te gaan mooimaak.

A skepties
B hartseer
C woedend
D teleurgesteld (1)

2.15 Die feit dat Hendrik nie wou hê hulle moes gaan slaap nie, het toe eintlik tot ‘n positiewe gevolg vir die McDonalds gelei.

Watter belangrike, positiewe ding het daardie aand in die McDonald huis gebeur? (1)

2.16 Manuel se paljas het die hele McDonald-gesin verander.

Bespreek die nuwe Emma. Gee TWEE feite. (2)

2.17 Nie lank hierna nie, daag daar ‘n paar dorpsmense by die McDonalds se huis op.

2.17.1 Noem TWEE van die mans wat daar opgedaag het. (2)

2.17.2 Hoekom was hulle daar? (1)

2.17.3 Hendrik het nie die mans wat by die huis aangekom het, weggejaag nie.

Wat sou JY in daardie situasie gedoen het? (1)

2.18 Kies die karakter uit KOLOM B wat by die aksie in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (2.18.1-2.18.4) en die letter (A-E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.18.1 Het ‘n soentjie by Emma probeer steel. | A Willem |
| 2.18.2 Het toertjies vir die mense gedoen. | B Hendrik |
| 2.18.3 Gooi vir mense dam by hulle dop. | C Nollie |
| 2.18.4 Fluister in Hendrik se oor. | D Katrien |
| | E Emma |

(4x1) (4)

2.19 Wat is die funksie van die skuinsgedrukte woorde tussen hakies, soos in reël 11? (1)

2.20 Aan die einde van die drama gaan sit Willem op die windpomp en speel sy konsertina.

2.20.1 Waarvan is die windpomp ‘n simbool? (1)

2.20.2 Wat is die simboliese betekenis van Willem wat op die wimdpomp gaan sit? (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**GROOT TOTAAL: 70**